

SS36/2012

IN DIE HOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(OOSTELIKE RONDGAANDE PLAASLIKE AFDELING)
GEHOU TE OUDTSHOORN

5 **SAAKNOMMER**

SS36/2012

10 **DATUM**

11 SEPTEMBER 2012

In die saak tussen:

DIE STAAT

10 en

FRANS VAN STADEN

UITSPRAAK

15

FOURIE, R:

Die beskuldigde word van die pleging van die volgende misdrywe aangekla:

20

Aanklag 1, is een van moord deurdat die beskuldigde op of omtrent 22 Junie 2010 en te of naby Besemkop Plaas, Calitzdorp, in die distrik van Oudtshoorn, wederregtelik en opsetlik vir Dina Oerson, 'n vroulike persoon, gedood het deur

25 haar met 'n graaf te kap en te slaan. Die Staat beweer verder

/EYL

/...

dat die bepalings van artikel 51 van Wet 105 van 1997 van toepassing is deurdat die misdaad genoem word in Deel II van Bylae 2 van gemelde wet.

- 5 In Aanklag 2, word dit die beskuldigde ten laste gelê dat hy artikel 3 van Wet 32 van 2007 oortree het, deurdat hy op of omrent 11 Maart 2012 en te of naby Witvoek, Calitzdorp, in die distrik van Oudtshoorn, wederregtelik en opsetlik 'n daad van seksuele penetrasie gepleeg het met Celeste Antonie, 'n volwasse vroulike persoon, sonder haar toestemming, deurdat hy sy penis in haar vagina geplaas het.
- 10

Die Staat beweer dat dit 'n oortreding is waar die bepalings van Artikel 51 van wet 105 van die 1997 van toepassing is, 15 deurdat die misdaad genoem word in Deel III van Bylae 2 van gemelde Wet.

Die beskuldigde het op aanklag 1 'n pleit van onskuldig aan moord maar wel skuldig aan die bevoegde uitspraak van 20 strafbare manslag aangebied, terwyl hy onskuldig gepleit het op aanklag 2. Die Staat het egter nie die pleit van skuldig op strafbare manslag op aanklag 1, asook die feitelike grondslag waarop dit aangebied is, aanvaar nie. Die gevolg was dat die Staat gevolglik die vervolging ten aansien van aanklag 1, 25 asook die vervolging uit hoofde van aanklag 2, voortgesit het.

/EYL

...

Die beskuldigde het 'n skriftelike pleitverduideliking ingevolge artikel 112(2) van die Strafproseswet aangebied ten aansien van aanklag 1, sowel as 'n skriftelike pleitverduideliking 5 ingevolge artikel 115 van die Strafproseswet ten aansien van aanklag 2. Weens die nie-aanvaarding deur die Staat van die beskuldigde se skuldig pleit ten aansien van aanklag 1, en in die lig van sy pleit van onskuldig ten aansien van die aanklag van moord, bly die erkennings deur hom gemaak in sy artikel 10 112(2) pleitverduideliking, staan as bewys van die bewerings waarop dit betrekking het. Verdere erkennings is dan ook deur hom gemaak in sy artikel 115 pleitverduideliking ten aansien van aanklag 2 waarna ek later sal verwys.

15 In die lig van voormalde en in die lig van die verdere onbetwiste getuienis is die volgende gemeensaak, wat aanklag 1 betref:

Gedurende die aand van 22 Junie 2010 en te Besemkop, 20 Calitzdorp, het die beskuldigde die oorledene verskeie houe met die plat kant van 'n graaf toegedien wat tot haar dood op 26 Junie 2010 aanleiding gegee het. Volgens die nadoodse ondersoekverslag van die patoloog, dr Mariette Hurst, is die oorledene dood as gevolg van subdurale breinbloeding met 25 verhoogde skedeldruk en gevolglike sekondêre longontsteking.

Die volgende beserings is aan die liggaam van die oorledene gevind:

5 Skaafwonde aan die knieé, linkerwang, regterskouer, links agter aan die kop, die linker enkel, linker ken en linker voorkop;

10 Kneuswonde aan die linkervoortarm, bors, beide voete, linkerbobeen, regterskouer, regtervoortarm; 'n Verdere kneuswond met inwendinge bloeding aan die linkeroog is ook waargeneem;

Ook drie individuele diep kneuswonde aan die kop.

15 Laasgenoemde het wydverspreide subdurale bloeding tot gevolg gehad, met gevolg dat dele van die oorledene se brein, aldus die patoloog, dood is.

Volgens die geneesheer is die beserings hoofsaaklik veroorsaak deur stompgeweld wat versoenbaar is met die gebruik van die graaf, Bewyssuk 1, se platkant. Ek mag meld 20 dat hierdie graaf die een is wat die beschuldigde in die aanval op die oorledene gebruik het en is dit ongeveer 1,1 tot 1,2 meter lank met 'n gewig van 1,830 kg.

Die beschuldigde erken voorts in sy pleitverduideliking dat sy 25 optrede wederrechtelik was en dat hy nalatig was in sy optrede

aangesien 'n redelike persoon wel die moontlikheid sou voorsien het dat die oorledene kon sterf weens die feit dat 'n graaf gebruik was om haar mee aan te rand. In sy pleitverduideliking sê die beskuldigde egter verder dat hy nie 5 die oorledene wou doodslaan nie. Hy het ook nie voorsien dat sy moontlik kon sterf weens die wyse waarop hy haar aangerand het nie. Hy sê dan verder dat hy ten tyde van die voorval onder die invloed van sterk drank was en dat dit sy toerekeningsvatbaarheid beperk het. Derhalwe is dit die 10 beskuldigde se saak dat hy wel skuldig is aan strafbare manslag, maar nie die nodige opset gehad het om die oorledene te vermoor nie.

In die lig hiervan is die wesenlike geskilpunt in hierdie saak, 15 wat aanklag 1 betref, dus of die Staat bo redelike twyfel bewys het dat die beskuldigde die nodige opset gehad het om die oorledene te vermoor.

Eerstens kan daar in hierdie verband kortliks gehandel word 20 met die invloed wat die sterk drank wat die beskuldigde na bewering vroeër die aand van die moord ingeneem het, moontlik op hom kon gehad het.

Na my mening is daar nie enige meriete in hierdie aspek van 25 die verweer nie. In kruisondervraging het die beskuldigde dan

- ook geredelik toegegee dat, niteenstaande die inname van drank deur hom, hy steeds geweet het wat hy doen en dus insig gehad het in sy handelinge toe hy die oorledene met die graaf te lyf gegaan het. As daar dan gelet word op sy beskrywing van die gebeure die betrokke aand voor en na die aanranding, is dit duidelik dat hy voldoende by sy positiewe was en geweet het wat hy doen, met gevolg dat hy beheer oor sy handelinge en optrede gehad het.
- 10 Soos ek reeds gemeld het, sê die beskuldigde in sy skriftelike pleitverduideliking dat hy nie voorsien het dat die oorledene moontlik kon sterf weens die wyse waarop hy haar met die graaf aangerand het nie. In kruisondervraging gee hy egter toe dat die graaf 'n geværlike wapen is en dat jy 'n persoon 15 daarmee kan doodslaan, veral as die persoon teen die kop geslaan word. In herondervraging wei die beskuldigde hierop uit en sê dat toe hy die oorledene met die graaf geslaan het, het hy geweet dat hy haar kan doodslaan. Later, ook in herondervraging, het hy probeer terugkrabbel en gesuggereer 20 dat hy eintlik net die doodslag voorsien het, in 'n geval waar die slagoffer met die skerp kant van die graaf geslaan of gekap sou word.

Hierdie was egter 'n deursigtige poging om sy getuienis aan te pas en aan die gevolge daarvan te ontkom, veral aangesien sy /EYL

/...

weergawe is dat hy die oorledene met die platkant van die graaf geslaan het en is dit op hierdie basis wat sy getuienis aangebied is, en hy onder kruisverhoor geneem is.

- 5 Ons reg erken twee verskyningsvorms van opset. Enersyds is daar *dolus directus* oftewel opset by sekerheidsbewussyn, andersyds *dolus eventualis*, oftewel opset by moontlikheidsbewussyn. By *dolus directus* gaan die handeling gepaard met die wil om die dood van die slagoffer te bewerkstelling. *Dolus eventualis* is van toepassing waar die persoon by die verrigtinge van die handeling die moontlikheid van die dood van die slagoffer voorsien en hom daarmee te versoen dat die dood kan intree.
- 15 Soos ek nou reeds aangetoon het, het beskuldigde toegegee dat toe hy die oorledene met die graaf geslaan het, hy voorsien het dat hy haar kan doodslaan. Selfs indien hy nie so 'n toegewing sou gemaak het nie, is die Hof van oordeel dat die enigste redelike afleiding wat van objektiewe feite gemaak 20 kan word, is dat die beskuldigde inderdaad subjektief die moontlikheid van die doodslag van die oorledene voorsien het.

Die gesag toon dat hoe meer waarskynlik die moontlikheid van die intrede van die nadelige gevolg van die handeling is, hoe makliker sal dit vir die Hof wees om as 'n feit te bevind dat die
25 /EYL

/...

dader wel die moontlikheid voorsien het. In die onderhawige geval het ons met 'n uiters gevaelike wapen te doen. Dit weeg 1,8 kg en weens die lang steel daarvan, kan aansienlike momentum daarmee verkry word as dit gebruik sou word om 'n 5 persoon 'n hou mee toe te dien. Die plat kant van die graaf is van metaal en verskaf 'n plat, bree oppervlakte waarmee die slagoffer beseer kan word.

In hierdie geval is daar minstens drie baie harde houe op die 10 kop van die oorledene toegedien. 'n Mens se kop is uiteraard 'n baie sensitiewe deel van die liggaam, aangesien dit die brein huisves en is dit algemeen menslike kennis dat 'n harde hou of houe wat met 'n gevaelike wapen op die kop toegedien word, breinbeserings en die dood van die slagoffer kan 15 veroorsaak. Aanranding van hierdie aard met gevaelike wapens, soos 'n graaf, waar drie baie harde houe teen die kop toegedien word, hou na my mening objektief gesproke 'n groot waarskynlikheid in dat ernstige beserings en die dood van die slagoffer kan intree.

20 Ek het dus geen huivering om as 'n feit te bevind dat in die omstandighede van hierdie saak die besuldigde die moontlikheid van die doodslag van die oorledene voorsien het.

25 Dit is verder gemeensaak dat hy nienteenaande hierdie insig

/EYL

/...

voortgegaan het om die oorledene met die graaf te slaan en sodoende haar dood te veroorsaak. Dit volg dus dat volgens my bevinding die Staat bo redelike twyfel bewys het dat die beskuldigde die nodige opset by moontlikheidsbewussyn gehad

5 het om die oorledene te vermoor.

Ek is egter van oordeel dat die Staat nie bo redelike twyfel bewys het dat die beskuldigde opset in die vorm van *dolus directus* gehad het nie. Hierdie blyk vir my eerder aan die hand van die getuenis 'n geval te wees waar beskuldigde se wil daarop gemik was om die oorledene liggaamlik te beseer, in omstandighede waar hy voorsien het dat hy haar mag dood, maar sy hoofoogmerk nie was om haar te dood nie.

15 Die beskuldigde is eerder in die posisie van die persoon wat die Appèlhof in S v De Bruin en Ander 1968(4) SA 418 te 510 H as volg beskryf het:

"His dominant purpose may have been to inflict some injury upon him without actual intent to kill.
20 But if he foresees the possibility, however remote, of resultant death, and is reckless of its fulfilment, persisting in his conduct, he has the required *dolus*, and the law calls it murder."

25 Die gevolg is dus dat 'n skuldigbevinding op aanklag 1 moet

volg. Dit is dan ook nie op hierdie stadium vir my nodig om uit te brei op die verdere getuienis ten aansien van aanklag 1 nie. Vir soverre nodig sal dit dan mettertyd gedoen word in die uitspraak ten aansien van vonnis.

5

Dit bring my dan by aanklag 2. Soos blyk uit die beskuldigde se skriftelike pleitverduideliking, erken hy dat hy op 11 Maart 2012 opsetlik met die klaagster Celeste Antonie, geslagtelike gemeenskap gehad het te Witvoek, Calitzdorp. Soos egter verder daaruit blyk, is die grondslag van sy verweer dat die geslagsgemeenskap met die toestemming van die klaagster geskied het.

Die getuienis toon dat die beweerde misdryf in die volgende omstandighede gepleeg is: In die aanloop tot Sondag, 11 Maart 2012, het beskuldigde vermoed dat die klaagster, Celeste Antonie, met wie hy in 'n verhouding van tyd tot tyd betrokke was, die Saterdagaand self betrokke was by 'n ander man, ene Assie. Dit is nie vir my nodig om in te gaan op die omstandighede wat aanleiding tot hierdie vermoede gegee het nie, aangesien ek aanvaar dat beskuldigde wel die vermoede gehad het en die volgende dag na die huis van die klaagster se suster, Sarah Munro, gegaan het met die doel om die klaagster te konfronteer met hierdie vermoede wat hy gehad het.

/EYL

/...

Dit is gemene saak dat die drie van hulle, asook die sesjarige seun van die klaagster, op 'n stadium vanaf die klaagster se suster se huis na Bergsig geloop het om klere daar te gaan haal. Dit is verder gemene saak dat die twee volwassenes die

5 Sondag by Sarah Munro se huis, asook by 'n ander huis op pad na Bergsig, sterk drank gebruik het. Daarna, op pad na Bergsig, het hulle deur 'n beboste klofie gestap. Daar het die beskuldigde toe vir die klaagster gesê dat hy seksuele omgang met haar wou hê met die doel om vas te stel of sy die vorige

10 aand met Assie gemeenskap gehad het.

In 'n ietwat bizarre verduideliking getuig die beskuldigde dat hy op hierdie manier in staat sou wees om vas te stel of die klaagster wel met ander mans seksuele omgang sou gehad

15 het. Hoe dit ook al sy, die beskuldigde en die klaagster is toe die bosse in waar hulle geslagsgemeenskap gehad het.

Die geskilpunt is egter of hierdie gemeenskap met of sonder die klaagster se toestemming geskied het. Ten einde hierdie

20 geskilpunt te beslis, moet na die getuenis as 'n geheel gekyk word. Dit moet steeds in gedagte gehou word dat die bewyslas op die Staat rus om bo redelike twyfel te bewys dat die gemeenskap sonder die klaagster se toestemming geskied het. Daar is geen bewyslas op die beskuldigde nie, en as sy

25 weergawe redelikerwys moontlik waar kan wees, moet hy

vrygespreek word.

Wanneer daar nou besin word oor die geskilpunt van toestemming aldan nie, moet 'n belangrike toegewing wat die 5 beskuldigde in kruisondervraging gemaak het, voor oë gehou word. In sy pleitverduideliking en getuienis in hoof was dit die beskuldigde se saak dat die klaagster, nadat hy vir haar gesê het dat hy gemeenskap met haar wil hou, om vas te stel of sy ook met Assie gemeenskap gehad het, vir hom vrywilliglik 10 vergesel het na die beboste deel van die klofie, waar geslagsgemeenskap met haar toestemming plaasgevind het.

In kruisverhoor egter, stem hy saam dat toe hy hierdie versoek aan die klaagster gerig het, sy nee gesê het, veral aangesien haar kind by was. Sy het bygevoeg dat beskuldigde vir haar 15 by die huis kon gevra het om gemeenskap met haar te hou. In latere kruisondervraging is pertinent aan hom gestel dat hy dus nie die toestemming van die klaagster gehad het om geslagsgemeenskap met haar in die bosse te hê nie en haar gevolglik verkrug het. Hy het aanvanklik met hierdie stelling 20 saamgestem. In herondervraging getuig hy egter verder dat die klaagster wel eers gesê het dat sy nie seks met hom wil hê nie, maar in sy woorde:

"Agterna vra ek weer en toe sê sy ons kan seks."

25 Die vraag wat dus beantwoord moet word, is of die klaagster,

- nadat sy die beskuldigde se aanvanklike versoek om seks te hê van die hand gewys het, daarna haar toestemming daartoe verleen het. Weereens moet beklemtoon word dat hierdie weergawe nie die beskuldigde se aanvanklike saak was nie en dus nie aan enige van die staatsgetuies in kruisondervraging gestel is nie. Dit bots dan ook lynreg met die getuenis van veral die klaagster en haar suster oor wat daar plaasgevind het.
- 10 Volgens die klaagster en haar suster het die beskuldigde die klaagster met geweld die bosse ingeneem. Die klaagster sê sy het geweier om die beskuldigde na die klofie se kant te volg. Volgens haar het die beskuldigde haar aan haar arm die ruigte ingetrek. Sy het gesê dat hy haar moet los, maar 15 hy het voortgegaan om haar in die rigting van die kloof, waar daar doringbome was, te trek.

Hierdie weergawe word deur haar suster, Sarah Munro, bevestig. Sy getuig dat die beskuldigde die klaagster in die 20 rigting van die klofie getrek het en die klaagster gesê het:

“Los my!”

Volgens haar het die klaagster ook teruggerem, maar die beskuldigde het voortgegaan om haar in die klofie se rigting te trek. Dit is toe wat Sarah Munro, besluit het om te gaan hulp 25 soek. Die getuenis van die twee susters dui dus

ontenseeglik daarop dat die klaagster nie alleen geweier het om toe te stem tot die beskuldigde se aanvanklike versoek om geslagsgemeenskap te hou nie, maar dat sy haar teenkanting steeds geopenbaar het toe sy en beskuldigde die beboste area 5 binnegegaan het. Dit het vir Sarah Munro genoop om te gaan hulp soek.

Beskuldigde ontken wel dat hy vir klaagster die bosse ingetrek het. Maar in die lig van sy erkenning dat die klaagster nie 10 bereid was om seks te hê nie, blyk dit hoogs onwaarskynlik te wees dat sy vir hom vrywilliglik die bosse sou ingevolg het, aangesien sy toe geweet het dat hy net een doel voor oë gehad het, naamlik om met haar seks te hê in omstandighede waar haar jong seun nog teenwoordig was.

15 Die verdere vraag wat nou ontstaan, is waarom die klaagster, nadat hulle die bosse in is, volgens beskuldigde se weergawe, nou vrywilliglik sou toestem dat die beskuldigde in die bosse met haar gemeenskap kan hou. Daar blyk vir my logieserwys 20 geen oortuigende rede te wees waarom sy nou skielik van besluit sou verander nie. Verder moet in gedagte gehou word dat volgens die klaagster se weergawe, wat gestaaf word deur twee onafhanklike getuies, naamlik Violet Horseband en John Manual het beskuldigde in die klofie met klaagster 25 gemeenskap gehad in die onmiddellike teenwoordigheid van

klaagster se jong seun. Dit sal onthou word dat die rede vir die weiering van die klaagster om met beskuldigde seks te hê in die veld, die teenwoordigheid van die jong seuntjie was.

Waarom sou sy dus nou, volgens die beskuldigde, toestem om
5 in die seuntjie se teenwoordigheid vrywilliglik seks te hê?

Dit is wel so dat die beskuldigde later getuig het dat die seuntjie nie in die onmiddellike nabijheid was toe die gemeenskap plaasgevind het nie, maar dat hy 'n vent van hulle af agter 'n bos gesit het.

10

Hierdie weergawe is nie alleen direk in stryd met die klaagster se weergawe nie, maar word weerspreek deur Violet Horseband en John Manual, met wie die beskuldigde nog nooit enige probleme gehad het nie. Die rede waarom hierdie twee
15 onafhanklike getuies dan ook so ontsteld was, toe hulle sien dat die Klaagster en die beskuldigde in die veld gemeenskap gehad het, is volgens hulle, juis die teenwoordigheid van die seuntjie op die toneel waar hy kon sien hoe hulle seks het.

20 Dit is dan verder ook insiggewend dat beskuldigde self in paragraaf 21 van sy pleitverduideliking, Bewyssuk A, die volgende sê:

“Daarna is ek en sy die bosse in waar ons weer geslagsgemeenskap met wedersydse toestemming gehad het. Ons is egter onderbreek deur mense

wat ontevrede was dat ons so geslagsgemeenskap

hou voor die klaagster se minderjarige kind."

Hiervan moet ek aflei dat die gemeenskap volgens die beskuldigde se pleitverduideliking wel in die teenwoordigheid
5 van die klaagster se seun geskied het. Dit volg dus ook dat beskuldigde sy getuienis aangepas het deur te sê dat die kind nie naby hulle was nie. Verder is dit van belang om daarop te let dat toe die beskuldigde aanvanklik in sy kruisverhoor hieroor gevra is, hy gesê het "die kind was nie daar nie,"
10 bedoelende op die toneel waar hy en die klaagster seks gehad het. Ek mag ook, meer in die algemeen, meld dat toe beskuldigde gevra is waarom klaagster en haar suster hom nou valslik sou beskuldig, hy gesê het dat die klaagster se suster dit doen want:

15 "Sarah wil hê ek moet by haar lê, nou vertel sy die leuens."

Dit is nooit gestel aan Sarah Munro toe sy getuig het nie en is,
na my mening, soos die beskuldigde se ander pogings om 'n
motief om hom valslik te wil beskuldig aan die twee sisters toe
20 te dig, sonder enige meriete.

'n Verdere aspek wat in hierdie verband van belang is, is die beserings wat die klaagster aan haar kop en binnearms opgedoen het. Dit word deur die dokter wat haar na die
25 voorval ondersoek het, bevestig. Die klaagster het getuig dat

beskuldigde haar hardhandig behandel het en onder andere met 'n klip teen die kop geslaan het.

Die beskuldigde het ook ten aansien hiervan verskillende weergawes aangebied. Aanvanklik ontken hy dat hy haar hoegenaamd aangerand het en dat sy waarskynlik die vorige aand toe hulle saam was, die beserings kon opgedoen het. Daarna sê hy, dat hulle die Saterdagaand gestry het en dat dit:

"Moet seker so wees soos sy sê."

10 Later val hy terug op sy gebrekkige geheue en sê dat hy nie kan onthou waar sy die beserings sou opgedoen het nie.

Dit is waarskynlik nou ook 'n gepaste tyd om kortliks my indrukke oor die getuies weer te gee. Die klaagster en haar 15 suster het my beïndruk as betroubare getuies. Dit is so, soos aangetoon deur mnr Marx namens beskuldigde, dat daar verskille of teenstrydighede in hulle weergawes is, maar sou dit na my mening in die omstandighede wel te wagte wees. Die verskille en teenstrydighede is egter na my oordeel nie van 20 wesenlike aard nie, veral nie ten aansien van die belangrike vraag of klaagster toegestem het tot die gemeenskap in die bosse nie.

Dit het eerder gegaan oor sydelingse aspekte, soos of die 25 suster die oggend tekens van klontjiesiekte getoon het, of

waarom die suster wat gaan hulp soek het, nie na die toneel teruggekeer het nie. Mn Mr Marx het ook aangevoer dat daar gebreke in die klaagster se weergawe is. Byvoorbeeld, waarom het sy nie om hulp geroep terwyl sy na bewering 5 verkrag is nie en waarom het sy nie aan Violet en John Manual gerapporteer dat sy verkrag is nie?

Wat die eerste aspek betref, moet in gedagte gehou word dat die klaagster getuig het dat die beskuldigde haar met geweld 10 tot oorgawe gedwing het. Nie net het hy haar met 'n klip teen die kop gekap nie, maar sê sy hy het ook haar een arm onder haar vasgepen. Sy sê dat sy gepoog het om hom met die ander arm weg te stoot. Dit word bevestig deur Violet en John Manual.

15

Sy getuig dan ook dat sy nie om hulp geskree het nie, want die twee persone het toe op hulle afgekom. Sy sê ook dat sy nie aan hulle gesê het dat sy verkrag is nie, want hulle het tog op haar en die beskuldigde afgekom en dit self gesien. Daarby 20 getuig Violet dan ook dat die klaagster onder die beskuldigde gelê en skel het, soos sy dit gestel het. Sy sê die klaagster het gesê:

"Frans, los my!"

25 Die feit van die saak is verder dat die klaagster aan die

/EYL

/...

polisiebeampte wat daarna op die toneel aangekom het, gesê het dat sy verkrag is.

- Konstabel Fortuin bevestig dan ook dat die klaagster baie 5 senuweeagtig was. 'n Verdere belangrike mededeling is aan konstabel Fortuin, gemaak deur Violet Horseband toe sy ingebel het om die voorval te rapporteer, naamlik dat dit 'n geval van 'n verkragting is.
- 10 Die beskuldigde daarenteen was, soos ek reeds aangedui het, 'n uiters swak getuie. Hy was nie alleen huiwerig en onseker nie, maar het in wesenlike opsigte sy getuienis aangepas en verander. Daar is by my geen twyfel dat, in die lig van die getuienis in sy geheel, dat beskuldigde se weergawe nie 15 redelikerwys waar kan wees nie en dus as vals verworp moet word.

Die bevinding wat ek dus maak, is dat die klaagster nie tot hierdie geslagtelike gemeenskap toegestem het nie. Toe sy 20 aanvanklik deur beskuldigde gevra is, het sy nee gesê. Toe sy daarna deur die beskuldigde die bosse ingeneem is, is dit na my mening geheel en al onwaarskynlik dat sy nou vrywilliglik sou toegestem het tot gemeenskap ten aanskoue van haar jong seun. Die seun se teenwoordigheid was juis die 25 hoofrede waarom sy geweier het om seks met die beskuldigde

te hê. Die geweld en gepaardgaande beserings wat die klaagster opgedoen het, duï ook onteenseglik daarop dat die klaagster nie vrywillig ingestem het nie.

5 Die onafhanklike getuies wat toe op hulle afgekom het, bevestig ook dat hierdie nie 'n geval van vrywillige gemeenskap was nie. Ek moet ook noem dat gewag gemaak is van die feit dat die klaagster mettertyd bereid was om die klagte teen beskuldigde terug te trek. Soos sy egter 10 verduidelik het, was sy bereid om dit weens finansiële oorwegings te doen. Dit is dus eerder 'n faktor wat relevant gaan wees tydens die vonnisverrigtinge.

Ek bevind derhalwe dat die Staat bo redelike twyfel bewys het 15 dat die beskuldigde sonder die klaagster se vrywillige toestemming met haar geslagsgemeenskap gehad het en haar derhalwe verkrug het.

Mnr Van Staden, in die lig van die getuenis wat ek nou 20 opgesom het en die bevindings wat ek gemaak het, is die Hof se uitspraak vandag as volg:

OP AANKLAG 1 WORD U SKULDIG BEVIND AAN MOORD
MET DIE OPSETSVORM DOLUS EVENTUALIS.

OP AANKLAG 2 WORD U SKULDIG BEVIND SOOS
AANGEKLA.

5

3
FOURIE, R

/EYL

7...